Helichrysum argyrosphaerum

Wild everlasting/ Doll's rose Sewejaartjie/ Poprosie

Hierdie plantjie is vir my een van die mooistes: poprosie, 'n treffende naam.
Dit groei in sanderige grond, dikwels op lande of waar grond versteur is heeltemal plat op die grond. Dit toon 'n duidelike middelpunt, waaronder die paalwortel sit. Die loof is groengrys, fluweelagtig, die blommetjies eers pienk, dan word hulle silwerwit en verhard.

Die plant word hier in die reeks opgeneem, omdat dit veral vir skape ;n probleem kan wees.

Veral in blomtyd, EN DIT IS NOU, is dit vir veral skape giftig, as hulle te veel daarvan inkry. Die grassies is nou baie skaars, en die diere soek vars kossies. Op die lande wat nou kaal staan, is daar klomp van die Helichrysum. Blykbaar is dit ook nog smaaklik. Die plante is nou nog klein, maar hulle groei (ook sonder reen) en bedek die grond matagtig.

Die simptome van diere met hierdie vergiftiging is blindheid (sonder dat die oog 'n infeksie toon), gedeeltelike verlamming, ongekontrolleerde bewegings of draai om sigself tot vrekte.

Beeste mag ook vergiftigings toon, maar hulle vrek nie, hulle word net siek.

Foto: Anka Eichhoff
Inligtingsbronne:Flowering plants of the Kalahari Desert (Noel van Rooyen)
Toxic plants of veterinary importance in Namibia (Coleen Mannheimer,Anna Marais,Sonja Schubert)
Wild flowers,waterplants and grasses of the Okavango delta and Kalahari (Veronica Roodt)